K. SCHOEMAN. *Boukunsskatte van die Vrystaat/Free State heritage.* CUM-Boeke : Roodepoort, 1985. 140 pp. Geïll. R19,95 (eksklusief). ISBN 0 86984 473 3.

Hierdie verdienstelike publikasie is die produk van spanwerk: die Afrikaanse teks is die pennevrug van Karel Schoeman, die Engelse vertaling is deur Vladimir Steyn, die pentekeninge is uitgevoer deur Anine Barnard, terwyl S.M. Botes en C.J.O. Groenewald vir die navorsing verantwoordelik was.

Die konsep van hierdie publikasie kan moeilik bepaal word. Die Afrikaanse titel is onnodig pretensieus, want dit impliseer dat elke item in die boek 'n boukunstige skat in eie reg is — 'n gedagte wat moeilik toepasbaar is op die "vernacular style"-bouwerk van inboorlinge en pioniers. 'n Mens sou die inhoud van die boek eerder, soos in die Engelse titel, kon omskryf as die Vrystaatse erfenis van boukultuur.

Die ietwat misplaaste titel is simptomaties van meerdere probleme wat die leser met die konsep van die boek ervaar. Die formaat skep die indruk van 'n arm man se koffietafelboek, dog die luuksheid van uitleg weerspieël nie 'n rykdom van inhoud nie.

Die boek sou beslis bruikbaarder gewees het indien die 47 geboue gelokaliseer was. Dit kon byvoorbeeld gedoen word deur die byvoeging van 'n enkele streekkaart waarop die ligging van die geboue aangedui is. By elke gebou sou 'n eenvoudige dorpkaart of staproete waarop die adres van die gebou verskyn ook nuttig wees. 'n Register van plekname sou eweneens die waarde van die boek verhoog het. Met so 'n bruikbare inhoud sou selfs 'n slapbandformaat nie onvanpas wees nie.

Ook wat betref die verhouding of balans tussen teks en illustrasies, kom sekere leemtes voor. Ofskoon die teks byvoorbeeld vlot lees en daarin slaag om die geboue in die kultuurerfenis van die Vrystaatse geskiedenis te kontekstualiseer, sluit die styl van die illustrasies meer aan by die "boukunsskatte" van die Afrikaanse titel. Gevolglik word komplekser argitektoniese vorme van geboue (soos die Ou Poskantoor of Appèlhof in Bloemfontein) met dieselfde detail voorgestel as die voorbeelde van vroeë klipbouwerk en plaashuise.




Ongelukkig bly die illustreerder soms te slaafs gebonde aan fotografiese dokumente. Dit lei daartoe dat die illustrasies vlak, vervreemdend, leween skaalloos voorkom. Fotografiese weergawes het 'n twee-dimensioneel vervlakkende effek, sodat die geboue in hierdie illustrasies 'n omgewinglose indruk wek. Weens die swaar, geslote kontoerlyne ontbreek dit aan 'n ruimtesuggestie wat onmisbaar is in die grafiese weergawe van argitektoniese vorme. In 'n aantal items (byvoorbeeld 1, 6, 19, 32 en 43) is perspektieffoute ook hinderlik.

Die gebondenheid aan fotografiese dokumente sou vermy kon word deur dit by die teks in te sluit. 'n Beoordeling van elke gebou wat nie meer bestaan nie of in 'n gewysigde of gerestoureerde toestand oorgelewer is, sou dan in 'n afsonderlike, herhalende rubriek in die teks of register verantwoord kon word. In dié boek is die aanbiedingswyse klaarblyklik beïnvloed deur die feit of 'n gebou behoue gebly het, al dan nie. In eersgenoemde geval behoort die teks en illustrasies die leser te verwys na 'n konstruksie wat slegs opnuut bekyk moet word in die lig van die historiese kontekstualisering. Waar 'n gebou nie meer bestaan nie, moet gepoog word om in die kombinasie van teks en illustrasie 'n beeld van die vergane geheel op te roep.

In hierdie publikasie word te min aandag aan so 'n onderskeiding gegee. Die indruk wat gevolglik geskep word, is dat al die "boukunsskatte" steeds bestaan. Sodoende word 'n kultuurerfenis slegs in uiters fragmentariese gedaante oorgelewer. Die grootste probleem met die konsep "boukunsskatte" is dat die gefragmenteerdheid van die Vrystaatse argitektoniese erfenis nie eksplisiet gemaak is nie. 'n Mens sou jou selfs kon afvra of dit nie 'n ongewilde weergawe is van die bewarings- en restourasiebeleid wat in dié provinsie gevolg word nie.

*D.J. VAN DEN BERG*
*'niversiteit van die Oranje-Vrystaat*